
SÊ JOU SÊ!

VOORGESTELDE OMSKAKELING VAN MOLTENOWEG TUSSEN VOORTREKKERWEG EN DINGLEWEG, GOODWOOD NA 'N EENRIGTINGPAD

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobiliteit nooi inwoners, ouers en padgebruikers om kommentaar te lewer oor 'n voorstel om 'n permanente noordwaartse eenrigtingstelsel in Moltenoweg tussen Voortrekkerweg en Dingleweg en in Dingleweg tussen Moltenostraat en Paarlstraat, en 'n tydgebaseerde ooswaartse eenrigtingstelsel in Merrimanweg tussen De Villiersstraat en Moltenostraat in Goodwood in te stel. Hierdie voorstel is daarop gemik om verkeersvloei te verbeter, veiligheid te bevorder en 'n meer georganiseerde padomgewing rondom De Vrije Zee Primêre Skool te skep, en om opeenhoping by die landdroshof en die kantoor van die departement arbeid gedurende die spitsparkeertydperk te verlig. Daar is baie kwesbare padgebruikers tydens besige op- en aflaaitye in hierdie gebied. Deur deelname aan hierdie proses, kan jou insigte en terugvoering 'n veiliger, meer doeltreffende buurt vir almal help vorm.

Verwys asseblief na die gebiedskaart vir die voorgestelde permanente omskakeling van Moltenoweg tussen Voortrekkerweg en Dingleweg en Dingleweg tussen Moltenostraat en Paarlstraat na 'n eenrigtingpad, en die tydgebaseerde omskakeling van Merrimanweg tussen De Villiersstraat en Moltenostraat na 'n eenrigtingpad.



Belanghebbende en geraakte partye kan die tegniese verslag en voorgestelde uitleg by www.capetown.gov.za/haveyoursay of www.capetown.gov.za/collaborate besigtig of aflaai.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 12 November 2026 tot 11 Desember 2026 kommentaar, aanbevelings of insette aan die munisipaliteit te rig.

Kommentaar, aanbevelings of insette kan soos volg ingedien word:

E-pos: Urbanmobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing: 110262708)
Aanlyn: www.capetown.gov.za/haveyoursay en www.capetown.gov.za/collaborate of skandeer die QR-kode
Skriftelike voorlegging: Eenheid vir openbare deelname, 3de verdieping, Podium-gebou, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001
Subraad 4: Hoek van Voortrekker- en Tallentweg, Parow
Biblioteek: Goodwood- openbare biblioteek, Goodwood
Inligtingsdag: Woon op 24 November 2026 van 15:00-17:00 'n openbare inligtingsdag by Goodwood- openbare biblioteek, hoek van McDonaldstraat en Voortrekkerweg in Goodwood by.

Spesiale bystand sal gegee word aan mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, om hulle insette of kommentaar aan te teken en by die munisipaliteit in te dien. Indien jy enige vrae het oor hoe om jou kommentaar in te dien, kontak asseblief vir Mbuthokazi Kubashe van die eenheid vir openbare deelname by 021 400 1450 of Mbuthokazi.Kubashe@capetown.gov.za.

Rig tegniese navrae oor die voorstel aan Dana Cloete by Dana.Cloete@capetown.gov.za of Akhona Maseko by Akhona.Maseko@capetown.gov.za.

(Neem asseblief kennis: versoeke vir nuwe verkeersmatigingsmaatreëls moet by die betrokke subraadskantoor ingedien word.)

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA223/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.